
# St. Alfonsus Rodriguez

## 30 Oktober




(1531-1617)

Sy vroeë lewe is gekenmerk deur tragedie. Hy erf heelwat geld van sy vader, ’n welvarende wol-handelaar, en hy begin sy eie sake onderneming en tree in die huwelik en word die pa van drie kinders. Sy besigheid gaan egter ten gronde en toe sterf sy vrou en al sy kinders kort na mekaar. Hy tree as lekebroeder in by Jesuïete en word na hul kollege op die eiland Majorka gestuur waar hy 24 jaar lank as portier gewerk het. Al was hy nie geleerd nie, het sy diep geloof en sterk gebedslewe hom uiteindelik die raadgewer en geestelike begeleier van talle mense gemaak, waaronder die latere heilige, Petrus Claver.

© Die Oratorium Uitgewery